



# Belastingvry spaar? Dink eers mooi

As jy dit oorweeg om geld in 'n belastingvrye beleggingsprodukt te spaar, is daar 'n aantal faktore om in ag te neem om seker te maak jy skiet jouself nie in die voet nie.

**E**k kom agter baie mense belê in belastingvrye beleggingsprodukte vir hulself en hul kinders of kleinkinders omdat hulle meegevoer raak oor “belastingvry”, sonder om verder te dink. 'n Mens se beleggingsbesluite word egter deur baie meer as net belasting geraak, hoewel dit 'n beleggingsrisiko is (saam met vele ander). Vir my is die doel met die belegging die belangrikste oorweging.

## VOOR- EN NADELE

Die belastingvrye spaaropsie is sedert 1 Maart 2015 beskikbaar. Die bedrag wat jy jaarliks kan spaar, is tans R36 000 met 'n leeftydbeperking van R500 000. Die beleggingsgroei op hierdie spaarprodukt is belastingvry – dus geen inkomstebelasting op rente nie, geen kapitaalwinstbelasting (KWB) op aandele wat verkoop word nie, en geen dividendebelasting nie.

Kom ons kyk 'n bietjie verder. As dit gaan om die maksimum belastingvoordeel alleen, steek dit lelik af teen 'n uitree-annuïteit (UA). Die jaarlikse premie, die R36 000 per jaar, is nie aftrekbaar vir belasting nie. Jy spaar dus met nábelaste geld. In 'n UA is die premie aftrekbaar tot soveel as 27,5% van inkomste, of R350 000 per jaar.

As jy nie die volle R36 000 in 'n jaar ge-

spaar het nie, kan jy nie die verskil na die volgende belastingjaar oordra nie. Met 'n UA kan jy dit wat jy nie vanjaar kon aftrek nie, wel na die volgende belastingjaar oordra en dan van jou inkomste vir belastingdoelendes aftrek.

As jy met die eerste opsie meer bygedra het as die toegelate R36 000, word jy beboet met bykomende belasting van 40% (ongeach jou marginale belastingkoers) op die bedrag wat meer is as die toegelate R36 000. As jy byvoorbeeld R40 000 gespaar het, gaan jy R1 600 ( $R4\,000 \times 40\%$ ) bykomende belasting betaal; dus jou normale belasting in die jaar plus nog R1 600. Dít terwyl jy met 'n UA eenvoudig die deel wat jy nie kon aftrek nie, kan laat “oorrol” en in die volgende jaar aftrek.

My doel is nie om die twee produkte te vergelyk nie. Ek wou net die “belastingvoordele” uitlig indien dit om slegs belastingvoordele gaan.

Maar dit is nie die einde van die belastingstories nie. As jou belastingvrye belegging ten volle in rentedraende instrumente belê is, moet jy meer aan rente verdien as R23 800 (as jy onder 65 jaar oud is) en meer as R34 500 (as jy oor 65 jaar is) voor jy 'n belastingvoordeel gaan kry. Teen 'n rente-opbrengs van byvoorbeeld 5% per jaar beteken dit dat jy onderskeidelik R476 000 (onder 65) en R690 000 (bo 65) belê moet hê.

Teen die R36 000 per jaar wat jy mag spaar, wat groei teen 5% per jaar, gaan dit 'n rukkie duur om hierby uit te kom – onderskeidelik 10 jaar en 13,3 jaar. En dan praat ek nog nie eens van KWB nie, waar jy 'n jaarlikse vrystelling van R40 000 het op aandele wat verkoop is voor KWB bereken word.

Dit is eers ná hierdie vrystellings dat jy begin voordeel trek uit belastingvrye spaar. Maar dit hou steeds nie hier op nie. Hier dink ek veral aan mense wat belastingvrye spaar gebruik om vir kinders en kleinkinders te spaar, dikwels met die oog op toekomstige studiegeld.

Die rente- en KWB-vrystellings hierbo geld eweneens vir kinders. Die meeste kinders het nie ander inkomste waarop hulle belas word nie, daarom moet vir hulle ook die jaarlikse primêre belastingkorting van R14 958 in berekening gebring word vir hulle 'n belastingvoordeel is.

Alles in ag genome is die belastingdrempel vir diegene onder 65 jaar R83 100. Eers op inkomste bó dié bedrag word jy belas, en maak belastingvrye spaar in 'n mate sin.

Onthou die R500 000 is 'n toegewing oor jou lewe. As jy geld uit die belastingvrye belegging moet onttrek, kan jy dit nie weer terugplaas nie. As jy dus dink jy spaar vir 'n kind of kleinkind in sy of haar eie naam en hulle onttrek van die geld, sê maar vir studie, kan hulle nie self weer verder spaar in hierdie produk nie. En dít omdat jy vir hulle belasting wou bespaar toe hulle in elk geval nie belastingpligtig was nie.

Dink voor jy doen. Dit geld enige belegging. **LBW**

*Mnr. Nico van Gijsen is 'n gesertifiseerde finansiële beplanner, belastingpraktisyn, lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac.*

NAVRAE: Mnr. Nico van Gijsen,  
e-pos: [nico@finlac.com](mailto:nico@finlac.com) Twitter: @Nicovangijsen